NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020
VOORHEEN MEI/JUNIE

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur — 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

4. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.

5. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

---

IEB Copyright © 2020
BLAAI ASSEBLIEF OM

## AFDELING A LETTERKUNDE

## INSTRUKSIES VIR AFDELING A

- Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.

- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

- Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

- Skryf die getal woorde aan die einde van die paragraaf in Vraag 2 en die opstel in Vraag 4 neer.


- <u>Beplanning van skryfstukke</u>

  Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk (paragraaf/opstel) te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk nie.

  – Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.

  – Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

  VOORBEELD:





IEB Copyright © 2020

***HOOPVOL*** – Derick van der Walt

## VRAAG 1

**TEMA VAN VRAAG: Bobby en Nathalie se aparte lewenspaaie**




[Tafelberg Uitgewers 2012]

*Bobby en Nathalie se lewens het, net soos die stel treinspore op die voorblad van die roman, in twee verdeel en uitmekaar geloop.*

Lees die onderstaande vrae en voer dan die opdragte uit.

**Bobby se lewenspad:**

1.1 Bobby het sy bynaam, "Oil", gekry van die werk wat hy op 'n stadium in sy lewe gedoen het. Watter soort werk was dit? (1)

1.2 1.2.1 By die varsproduktemark was daar 'n bewys dat hy 'n goeie werker was. Wat was hierdie bewys? (1)

1.2.2 As watter tipe persoon het die mense by Moerdyk Markagente Bobby beskryf? (1)

1.3 1.3.1 In watter stad het Bobby gaan woon nadat hy uit Pretoria weg is? (1)

1.3.2 By watter soort besigheid het hy daar gewerk? (1)

1.4 Bobby se lewenspad eindig terug op Hoopvol in 'n tragiese ongeluk.

> "Ons het hom die volgende oggend gaan soek toe die bure laat weet het hy het nie die vorige nag in sy bed geslaap nie. Almal het gehelp."

[Bl. 217]

1.4.1 Wat het die mense gedink het Bobby die dag van sy dood in die veld gedoen? (1)

1.4.2 Waar het die mense vir Bobby na die ongeluk gekry? (1)

1.4.3 Hoe dink die mense het die ongeluk gebeur? (1)

IEB Copyright © 2020

1.5 Hoekom het Bobby teruggegaan na Hoopvol toe? (1)

1.6 **Nathalie se lewenspad:**

> Die trein versnel en die kondukteur skud net sy kop …
>
> Sy sit 'n ruk doodstil met die kondukteur wat haar aangaap. Vee haar neus aan haar arm af. Dis dan dit. Dis die lewe. Goed werk nie uit nie.

[bl. 144]

Voltooi die tabel van **ongelukkige en gelukkige omstandighede** in die **verskillende aspekte van Nathalie se lewe** in Johannesburg. Skryf net die **vraagnommer** en **antwoord in jou Antwoordboek** neer.

| NATHALIE SE LEWE IN JOHANNESBURG | |
|---|---|
| **Nathalie se werksomstandighede** | 1.6.1 Ongelukkig: ............... |
| | 1.6.2 Gelukkig: ................... |
| **Nathalie se liefdeslewe** | 1.6.3 Ongelukkig: ................ |
| | 1.6.4 Gelukkig: .................... |
| **Nathalie se akkommodasie** | 1.6.5 Ongelukkig: ................ |
| | 1.6.6 Gelukkig: .................... |

(6)
**[15]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 2

### TEMA VAN VRAAG: Leuens en geheime

Lees die onderstaande vrae en voer dan die opdragte uit.

| |
|---|
| Die vrou het opgekyk en toe verbaas gesê: "Nathalie! I can't believe it!" Sy was baie mooi met 'n bos koperrooi hare, 'n kort groen minirok en baie hoë hakskoene. |

[bl. 155]

*Na die insident in die bostaande uittreksel het Ben aan sy ma se geheime en leuens begin gedink. Uiteindelik het hy op Hoopvol verstaan hoekom sy ma nie die waarheid vertel het nie.*

2.1 Gebruik die onderstaande diagram en skryf 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor Ben se gedagtes.

Begin jou paragraaf as volg ...

*Na vanoggend se ontmoeting met daardie vreemde vrou in die klerefabriek in Fordsburg, maak baie dinge vir my meer sin. Ek weet nou ...*

In die paragraaf praat Ben oor die volgende:

| | |
|---|---|
| • Wat die vreemde vrou van Ben gesê het. | (1) |
| • Die naam van die plek waar Nathalie volgens die vreemde vrou lank gelede gebly het. | (1) |
| • Sy ma se reaksie toe sy die vreemde vrou ontmoet het en watter leuen sy vir die vrou vertel het. | (2) |
| • Wat Ben uitgevind het oor sy ma se huis toe hy die prokureursbrief in sy ma se kas gelees het. | (1) |
| • Die leuens wat sy ma vir hom van sy pa vertel het. | (3) |

IEB Copyright © 2020

2.2 "Ou Lettie, die koei wat die eienaar van die hotel was, het dit net nooit vir iemand gesê nie!"

[bl. 226]

2.2.1 Watter leuen het tannie Lettie vir Bobby vertel toe hy die hotel gebel het nadat hy Hoopvol verlaat het? (1)

2.2.2 Watter informasie het tannie Lettie na die telefoonoproep weggegooi? (1)

2.2.3 Hoe, dink jy, sou dit Nathalie en Ben se lewens verander het as tannie Lettie dié informasie vir Nathalie gegee het? (2)

2.3 *Die enigste geheim wat Ben nooit self kon uitwerk nie, is die klip wat sy ma altyd in haar handsak gehad het.*

2.3.1 Hoe het Ben hierdie handsak gekry? (1)

2.3.2 Watter belofte het Ben by sy pa se graf oor hierdie handsak gemaak? (1)

2.3.3 Wat het Ben aan die einde van die verhaal met hierdie klip in sy ma se handsak gedoen? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 3

### TEMA VAN VRAAG: Kleynhans se eerste besoek op Soetwater.

| |
|---|
| Hy is seker oom Frans-hulle sal nie omgee as Kleynhans soms vakansies hier by hulle op die plaas kom kuier nie. Die ou sal dink hy is op 'n ander planeet. |

[bl. 236]

Voltooi die volgende gesprek tussen **Kleynhans** en **Ben**. Skryf slegs die **vraagnommer** en **Ben se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop tussen elke antwoord.

3.1 Kleynhans: Is dit nou Charl se kamer hierdie?

Hoe is hy dood?

Ben: . . . . (1)

3.2 Kleynhans: Waar het jy gebly terwyl jy by die varsproduktemark in Pretoria en die Spur in Bloemfontein gewerk het?

Ben: . . . . (2)

3.3 Kleynhans: Ek is bly dat jy al die inligting oor jou pa uitgevind het. Behalwe dat julle dieselfde gelyk het, het julle ook dieselfde geboortemerk en naam gehad.

Vertel my meer van die geboortemerk.

Ben: . . . . (1)

3.4 Kleynhans: Jy het ook uitgevind dat jou pa goed in 'n paar dinge was.

Noem een van die dinge waarin hy goed was.

Ben: . . . . (1)

3.5 Kleynhans: Beskryf wat jy in oom Frans se studeerkamer gekry het wat jou gehelp het om die waarheid oor jou pa uit te vind.

Ben: . . . . (2)

3.6 Kleynhans: Ek kan sien jy hou baie van die plaaslewe.

Watter skool in hierdie omgewing sal vir jou die beste wees as jy vir oom Frans wil help boer?

Ben: . . . . (1)

3.7 Kleynhans: En jy kan perdry!

Wie het vir jou geleer?

Ben: . . . . (1)

3.8 Kleynhans: Noudat jy besluit het om op die plaas te bly, sal ek graag jou nuwe "suster" wil ontmoet.

Gee een bewys dat sy aan die begin onbeskof en gemeen was.

Ben: . . . . (1)

Kleynhans: Ek is darem bly om te hoor dat julle nou vrede gemaak het.

**[10]**

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 4

*In hierdie verhaal is daar verskeie liefdesverhoudings. Daar is 'n ongelukkige einde, 'n gelukkige einde en 'n einde met 'n vraagteken.*

**TEMA VAN VRAAG: Liefdesverhoudings**

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van tussen **250 en 350 woorde** oor hierdie liefdesverhoudings.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleidings- en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moet nie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

***Paragraaf 1:*** **Bobby en Nathalie – Die groot liefde met 'n ongelukkige einde**

- **Waarom** het Bobby aan die begin van die roman besluit om op Hoopvolstasie af te klim en **waarvandaan** het hy toe gekom? (2)
- Waar het Bobby vir Nathalie die eerste keer gesoen? (1)
- **Waar** het Bobby en Nathalie hulle gelukkigste tye deurgebring en **hoe** het hulle daar gekom? (2)
- Watter toekomsplan het Bobby en Nathalie gehad? (1)
- Hoe het Nathalie by die polisieselle gewys dat sy nie vir Bobby geglo het na Olivia se aanval nie? (1)

***Paragraaf 2:*** **Pastoor Chalmers en juffrou September – Die ou liefde met die gelukkige einde**

- Watter voorwerp op juffrou September se lessenaar het soos 'n liefdesgeskenk gelyk? (1)
- Gee twee redes wat die leser laat dink dat juffrou September na iemand verlang het. (2)
- Wat het Nathalie uitgevind toe juffrou September 'n nuwe mat vir haar kantoor gekry het? (1)
- Wat was die moontlike einde van hierdie ou liefde? (1)

***Paragraaf 3:*** **Ben en Helena – 'n Liefdesverhouding?**

- Ben het vir Helena probeer wys dat sy nie altyd hoef te wen nie. Gee een voorbeeld waar hy haar gewen het. (1)
- Watter persoonlike inligting het Helena met Ben by die swempoel gedeel? (1)
- Hoe het Ben gereageer toe hy gesien het Helena kry koud die aand van die lam se geboorte in die skuur? (1)
- Wat belowe Ben in sy gedagtes vir Helena aan die einde van die boek? (1)

**Assessering:** 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (4)

**[20]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

- Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.

- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

- Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

- Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

  – kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
  – interpretasie van die opdrag
  – inhoud en idees
  – register en toon
  – taalgebruik

- <u>Beplanning van skryfstukke</u>

  Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Jou beplanning gaan egter nie gemerk word nie.

  – Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.

  – Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

  VOORBEELD:

| BEPLANNING | SKRYFSTUK |
|---|---|
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |
|  |  |

IEB Copyright © 2020

**VRAAG 5 DIALOOG**



*[Google images: pixabay]*

**Situasie:** Jy het besluit om aansoek te doen vir 'n tydelike werk voordat jy met jou universiteitsloopbaan begin. Jy is genooi vir 'n **werksonderhoud**.

**Opdrag:**
Skryf nou 'n **dialoog** tussen **jou** en 'n **bestuurder** van die besigheid waar jy aansoek gedoen het. In jou dialoog moet julle oor die volgende gesels:

- Die bestuurder moet ...
  - verduidelik *wat jy moet doen en wat van jou verwag word.*

- Jy moet ...
  - *redes noem waarom jy wil werk* voordat jy met jou universiteitsloopbaan begin.
  - vertel van *jou positiewe karaktereienskappe.*
  - verduidelik *waarom jy dink jy die regte persoon vir hierdie werk is.*

**Instruksies:**
- Elke persoon moet **ten minste drie keer in die dialoog praat**.
- Jy hoef nie aanhalingstekens in jou dialoog te gebruik nie.
- Die inhoud van jou dialoog moet **tussen 150 en 250 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou dialoog neer.**
- Gebruik die onderstaande formaat:

| | | |
|---|---|---|
| | **Bestuurder:** | … |
| | *(reël oop)* | |
| | **Ek:** | … |
| | *(reël oop)* | |

**[30]**

## VRAAG 6 E-POS



*[Google images: witopia.com]*

**Situasie: Jy bly in die skoolkoshuis.** Dit is jou matriekjaar en jy het probleme om met jou sakgeld uit te kom. Jou ouers voel baie sterk daaroor dat 'n jongmens vroeg moet leer hoe om met geld te werk. Jy weet dit gaan moeilik wees om hulle te oortuig om jou sakgeld te vermeerder, daarom besluit jy om in 'n e-pos te verduidelik **waarom jy meer sakgeld nodig het**.

**Opdrag:**

Skryf nou 'n **kort e-pos** aan jou ouers waarin jy die volgende noem:

- Waarom *jou sakgeld nie meer genoeg is nie.*
- *Wat jy met jou sakgeld moet betaal.*
- Hoe jy *probeer om geld te spaar.*

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60 en 120 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande formaat gebruik.

| |
|---|
| **Aan:** |
| **Onderwerp:** |
| Liewe … |

**[10]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2020